Hoërskool Goudini

A P Hanekom - Skoolhoof

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

NUUSBRIEF

Geagte Ouers

GEDAGTE VIR DIE WEEK

'n Dwaas soek geluk in die verte, 'n wyse kweek dit aan sy voete.
Anoniem

GELDE 2019

Skoolfonds: R8 823.00 per jaar
Notageld: R500.00 per jaar
Verbruikerstudie: R80.00 per kwartaal

BORG VIR VOORBLAAIE

Ons benodig 'n borg vir die Graad 4 – 7 leerders se skryfboeke se voorblaaie. Die bedrag beloop **R500.00**. Kontak asseblief die skool indien u bereid is om as borg op te tree! U besigheid / maatskappy se "logo" sal op die voorblaaie verskyn.

GRAAD 4 TOT 7 SKRYFBOEKE 2019

Die koste van skryfboeke vir 2019 is as volg:

Graad 4:	R45
Graad 5:	R49
Graad 6:	R49
Graad 7:	R44

Hierdie bedrae sluit **AL** die skryfboeke vir die jaar in. Stuur asseblief die korrekte bedrag skool toe!

SKENKING

Ons verneem graag of daar iemand is wat vir ons die volgende kan skenk:

* 'n "Deep freeze" vir die snoepie
* Twee ou trekker buitebande

NETBAL AFRIGTER

Ons vra dat u asseblief die skool sal kontak indien u bereid is of van iemand weet wat volgende jaar as netbalafrigter kan optree.

O.13 KRIEKET vs WORCESTER-OOS

In hul tweede ligawedstryd van die seisoen laat Goudini Worcester-Oos hard werk vir 'n oorwinning. Goudini verloor naelskraap met 4 lopies, en tot in die laaste boulbeurt kon enige span gewen het. Ons is trots op julle! Speler van die wedstryd: Adriene Pieterse.

O.13 KRIEKET vs WPS

Goudini word 'n krieketles geleer deur WPS. Ons verloor met 58 lopies, maar gaan verseker beter raak as gevolg van hierdie ervaring.

KIES DIE LEWE-OPTOG

Daar sal op Saterdag, 10 November om 08:00 'n optog vanaf die VG Kerk tot by NG Kerk Goudini wees. Die optog is 'n simboliese proklamasie dat Jesus die Here in ons omgewing is. Ons staan op teen alle magte wat wil kom steel, slag en verwoes. Almal is welkom om te kom saamstap – oud en jonk. Indien skoolkinders deelneem aan die optog, vra ons dat hulle asseblief hul skoolklere sal dra. Volwassenes word aangemoedig om blou en wit te dra. Hierdie inisiatief is in samewerking met al die kerke, skole, welsynsorganisasies, die polisie en munisipaliteit van Rawsonville.

EKSAMEN TYE

Vind hierby aangeheg 'n November-eksamenrooster vir Graad 4 – 11. Vanaf Maandag, 12 November verdaag Graad 7 – 11 leerders om 12:25. Vanaf Maandag, 19 November verdaag Graad 1 – 11 leerders om 12:25.

EKSAMENROOSTER - NOVEMBER 2018

	GRAAD 11	GRAAD 10	GRAAD 9	GRAAD 8	GRAAD 7	GRAAD 6	GRAAD 5	GRAAD 4
Maandag 12 Nov	Afr 3	RTT 2	EBW	SW: Aard	SW: Gesk	Gewone skooldag tot 13:50. Al die leerders moet asseblief in die skool wees.		
Dinsdag 13 Nov	RTT 2 / LW 3	Afr 3	Eng 1	Afr 2	Eng			
Woensdag 14 Nov	Eng 1	Geo 1 / LW 3	NW	Teg	Wisk 1			
Donderdag 15 Nov	Wisk 1 / WG 1	Geo 2 / LW 1	Studie	LO	Studie			
Vrydag 16 Nov	VS / LT	Wisk 1 / WG 1	Wisk 1	EBW	Afr 2			
Maandag 19 Nov	LO	Wisk 2 / WG 2	SW: Aard	Eng	Teg	Wisk 1	SW: Aard	Afr
Dinsdag 20 Nov	Afr 2	Eng 2	Afr 1	SW: Gesk	SK	SW: Gesk	Eng	Wisk 1
Woensdag 21 Nov	RTT 1 / LW 1	Afr 2	Eng 2	SK	Afr 1	Eng	NWT	LV
Donderdag 22 Nov	Eng 2	VS / LT	Afr 2	Wisk 1	Wisk 2	SW: Aard	Wisk 1	SW: Gesk
Vrydag 23 Nov	GHOLFDAG							
Maandag 26 Nov	LW 2	Eng 1	SK	NW	EBW	LV	Afr	NWT
Dinsdag 27 Nov	Afr 1	RTT 1 / LB	SW: Gesk	Studie	LO	Wisk 2	Studie	Studie
Woensdag 28 Nov	Wisk 2 / WG 2	Afr 1	Studie	Wisk 2	SW: Aard	Studie	Wisk 2	Wisk 2
Donderdag 29 Nov	Geo 1	LW 2	Teg	Studie	Studie	NWT	LV	SW: Aard
Vrydag 30 Nov	Geo 2	LO	LO	Afr 1	NW	Afr	SW: Gesk	Eng

A P HANEKOM
Skoolhoof
9 November 2018